NAWEEK-BEELD, SAT 11/8/07 p. 8

## ■ Instituut keelvol oor gesukkel met afsprake

# Petisie oor rybewys-chaos

Aldi Schoeman

"Ons wil aan die owerhede wys hoeveel mense moedeloos is, sodat hulle ons nie verder kan ignoreer nie."

Só sê me. Pat Allen, voorsitter van die Suid-Afrikaanse instituut vir bestuursinstrukteurs (Saidi) in Tshwane, oor die aanlynpetisie wat sy onlangs begin het vir mense wat magteloos voel in hul stryd om 'n geldige rybewys te kry.

Teen gistermiddag was daar sowat 85 name op dié petisie.

Luidens die petisie is van die klagtes dat die provinsiale oproepsentrum ondoeltreffend is omdat daar nooit afsprake beskikbaar is sodat mense hul rybewystoets kan aflê nie.

Volgens Allen is een van die grootste probleme die gebrekkige kommunikasie tussen die oproepsentrum en die onderskeie toetsstasies. Die oproepsentrum is glo nie altyd bewus van beskikbare afsprake nie.

"Die toetssentrums staan leeg, terwyl die oproepsentrum vir ons sê daar is nie afsprake beskikbaar nie," sê Allen.

Die oproepsentrum was verlede maand ook onbewus daarvan dat die Tshwane-toetssentrums in Waltloo en Centurion hulle tydelik aan die oproepsentrum onttrek het.

Dit het daartoe gelei dat die oproepsentrum afsprake toegeken het sonder die toetssentrums se toestemming.

Mense wat hul afsprake wou bevestig, moes weggewys word.

Tshwane het vir 'n tyd lank sy eie oproepsentrum gehad, maar volgens Allen het sy eers drie weke nadat dié reëling getref is, daarvan uitgevind.

"Hoe moet mense van hul reëlings weet?" sê Allen.

Verwarring het ook ontstaan toe die provinsiale oproepsentrum onder die indruk was dat die Akasia-lisensiekantoor ook rybewystoetse hanteer.

Dié kantoor hanteer net leerlingrybewystoetse.

Mnr. Emmanuel Mdawu, woordvoerder van die oproepsentrum, het toe gesê dat bestuurstoetsafsprake aan mense toegestaan is. "Toe ons dít uitvind, is hierdie mense na Centurion geskuif," sê Allen.

Mense wat by Centurion op die waglys was, is toe laer af op die lys geskuif.

Allen sê ook mense sukkel selfs om noodafsprake te kry.

"Selfs al voldoen hulle aan die vereistes, kry hulle geen terugvoer as hulle 'n e-pos stuur om daarvoor aansoek te doen nie.

"Die huidige stelsel benadeel die armstes van die armes. "Hoe moet iemand met net R30 per maand op sy foon 'n afspraak kry? As 'n e-posstelsel gebruik word, kan Saidi mense help om afsprake te bekom," sê Allen

Me. Khusela Sangoni, woordvoerder van die oproepsentrum, was gister nie bewus van die petisie nie.

■ Die petisie is by www.ipetitions.com/petition/licencebooking